Oscar die rolmodel 'probleem in klaskamer'

arademeyer

Alet Rademeyer
PRETORIA. – Heelparty onderwysers worstel oor hoe hulle die tema van sporthelde in die skoolkurrikulum moet aanpak nadat die Paralimpiese atleet Oscar Pistorius sy vriendin, Reeva Steenkamp, in Februarie vanjaar in sy huis in Pretoria doodgeskiet het.
Dié Olimpiese atleet is voor die voorval gereeld as rolmodel in skooltake en -opdragte uitgebeeld en in klaskamers bespreek.
Ted Townsend, woordvoerder van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), het by navraag gesê onderwysers behoort verantwoordelik en professioneel met die saak om te gaan en hoofde of departementshoofde behoort leiding te gee waar nodig.
Volgens hom is die kurrikulum nie so eng voorskriftelik dat onderwysers nie ander sporthelde as voorbeelde kan gebruik nie – veral waar jonger leerders ter sprake is en 'n bespreking van die gebeure potensieel traumaties vir hulle kan wees.
"Gegewe die mediadekking wat die saak tot dusver gekry het, sal dit nie moontlik wees om die fokus op sporthelde te laat val sonder dat die skietery ook ter sprake kom nie.
"Onderwysers moet die saak sensitief hanteer. In Pistorius se geval sien ons geweld wat in dood geëindig het. Onderwysers moet hulself afvra watter waardes hulle oordra as hulle hom as sportheld voorhou."
Prof. Elda de Waal, onderwyskundige aan die Noordwes-Universiteit (NWU), meen onderwysers behoort glad nie die onderwerp te vermy nie.
"Dit is 'n uitstekende geleentheid om die boodskap tuis te bring dat geen rolmodel ooit 100% onkreukbaar is nie en dat alle mense een of ander tyd foute maak."

Reeva Steenkamp en Oscar Pistorius

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik na die publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."
"This article represents the text exactly as it was published in the newspaper. Corrections regarding the article may have been made on subsequent dates. Please search the archive or other news sources for